

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 118

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE OOP GRAF

Laas week is jou vriend dood... vinnig... op slag... motorongeluk. Agt en dertig jaar oud... vrou en vier kinders. Twee dae tevore het julle nog saam gholf gespeel, geskerts en afgespreek om volgende naweek Vaaldam toe te gaan. Nou is alles verby. Jy was die middag met sy begrafnis een van die draers. 'n Mens het 'n aardige gevoel... onwerklik... arme Piet. Sy vrou en huilende kinders het jou hartsnare geroer.

Nou, 'n week later, sit jy met die kwelvraag in jou hart. Die kwelvraag van die dood en die graf en hoe jy sekerheid kan kry dat alles nie in die dood sal eindig nie. Vroeër het jy, as nugter wetenskaplike, jou nie aan hierdie dinge gesteur nie. Vir jou is dit bewyse wat tel. Lewe is lewe en dood is dood. Eintlik beweeg alles vir jou tussen hierdie twee punte van lewe en dood.

Dit sal jou seker interesseer om te weet waar die dood vandaan kom. Die dood en ellende... en die graf van jou vriend. Tot my eie droefheid moet ek aan jou sê dat jy, ek en jou vriend self verantwoordelik is vir die dood wat hierdie wêreld ingestap het. In die Paradys het Vadersnikke weerklink toe ons voorouers die afgronde van ongehoorsaamheid afgestort het. Soos 'n groot woudreus het hulle ons saamgesleur. Van daardie bittere dag af moet ons almal sterwe. Jy, ek en jou vriend.

Ek moet aan jou sê dat die dood beslis die einde sou gewees het. Daardie graf van jou vriend wat jou nou in jou gewete aangryp, sou vir ons 'n eindelose, swart, donker poel gebly het, maar Iemand het tussenin gekom. God se groot Uitroepteken — Jesus Christus!

Oor die eeue heen is Hy gedra in die boesem van die volk, Israel. God het Hom in daardie sterrenag neergelê in Betlehem om drie en dertig jaar later die dood uit te daag. Hy is gekruisig deur growwe soldaathande op Golgota. Twaalfuur daardie middag het die donker die lig weggejaag — vir drie ure lank. Die dood het skynbaar nog 'n keer oorwin.

Toe is Christus begrawe. Net vir drie dae het die dood hom ingesluk. Toe het Hy opgestaan. Vir die eerste keer sedert die paradys het die dood verloor. Jy sê jy wil die bewys hê. Dit is vir jou moeilik om te glo dat Hy uit die dood opgestaan het. Daar lê die bewys daar eenkant — die doeke waarin Christus toegedraai was. — dieselfde doeke waarin Hy begrawe is.

Stel dit jou as wetenskaplike tevrede? Jesus Christus het opgestaan uit die doeke, uit die graf. Na sy opstanding praat Hy nog met baie mense, maar die eerste bewys is die doeke. So het Christus die dood verneder. Juis vir mense soos jy en ek en jou vriend.

As Hy gekruisig word, is dit veral mense wat dit doen. As Hy opstaan uit die dood, is dit geheel en al Hyself — God self wat die dood vernietig. Die leë graf van Christus is jou troos as jy kyk na die hopen grond op jou vriend se graf.

Maar... jy moet luister as God jou roep. Hy nooi jou nou nog. Tot wanneer? Dit kan vandag nog wees.

Finaal.

Jóú graf.

En dan?

Saligheid... of ?

C. J. H. Venter.

PINKSTER – In u lewe

U het al gehoor van Pinkster en waarskynlik onthou u ook dat dit die dag is waarop die Heilige Gees uitgestort is, maar het u geweet watter rykdom u daaruit kan put en watter verreikende gevolge dit vir u inhou?

Ons noem net drie daarvan.

1. Met Pinkster het die Heilige Gees sy vlekkelose hemelse woning verlaat om in u ('n sondige aardse "tempel") te kom woon. Sou u ook bereid wees om u huis te verlaat en saam met diere in 'n varkhok te gaan woon? Kan u nou enige begrip vorm van die onbeskryflike liefde van God teenoor u:

- dat Hy u liggaam as 'n tempel uitverkies het,
- dat Hy u nie verstoot het nie, maar juis in u wil woon,
- dat Hy u so kosbaar vind dat Hy ewig met u gemeenskap wil voer?

Sou 'n mens so 'n offer van liefdesbetoning ooit kan wegwys of verag? Mag dit ver van u wees om so 'n ongeëwenaarde genadebewys ooit te vertrap.

2. Pinkster was ook die geboorte van die Nuwe Testamentiese Kerk. Van daardie merkwaardige dag af het die Evangelie soos 'n veldbrand oor die aardbol versprei en die harte van miljoene verower. Almal wat uitverkies is, is deur 'n brandende begeerte gedryf om hulle by die kerk van Christus te voeg.

- Is u ook uitverkies?
- Het u ook die begeerte in u gestil deur 'n ware en lewende lidmaat van die kerk te word?
- Bewys u daaglikse optrede en woorde dat u waarlik in Christus glo en dat u Hom ewig dankbaar is?

Die getal van die uitverkorenes word stadig vol. Is u ook een van hulle?

3. Pinkster is ook die dag van skeiding en selfontdekking. Soos 'n mes deur botter sny, so kloof Pinkster die mensekinders in twee groepe. Daar kom skeiding — tussen gelowiges en ongelowiges.

- tussen vader en sy seun,
- tussen moeder en haar dogter.

Dit kloof u persoonlik ook oop en stel u binnesten bloot:

- dit ruk die masker van u af,
- dit openbaar die dieptes van u hart,
- dit toon waar u geestelik staan.

Op Pinksterdag was dit ook so. Sommige het God gróótt gemaak. Andere het gespot. Pinkster maak 'n middeweg onmoontlik. Dit bring jou op die knieë voor God, of dit laat jou uitdagend jou vuiste na die hemele bal.

Sommige word dankbare werktuie van die Gees, maar ander staan Hom teë en bedroef die Gees met hulle roekelose en onverantwoordelike lewenswyse. Daar is selfs diegene wat die Gees laster deur hulle hoon en spottery. Dit is 'n onvergeeflike sonde en is dieselfde as om

Christus opnuut weer te kruisig.

Mag Pinkster hierdie jaar vir u by selfondersoek en selfontdekking bring en mag dit u lei tot verheerliking van die Naam van onse God.

A. S. Heystek.

VERWERPTE

Het jy al ervaar hoe diep 'n mens seerkry as jy goed probeer doen en die reaksie daarop is negatief, of erger, selfs haat?

Jy word misken, verontreg en niemand meen dat daar iets goeds in jou is nie. Jy voel verwerp en 'n mislukking.

As vreemdes die oorsaak van hierdie gevoelens in jou is, kan jy dit nog verstaan en miskien verdra, maar as jou bekendes, dierbares en jou vriende die oorsaak is, dan begeef jou moed jou baie keer. Waarvoor lewe ek nog as ek vir niemand iets beteken nie?

So het Jesus in hierdie wêreld gestaan. Hy het na Sy eie gekom en hulle het Hom nie aangeneem nie. Hy het mense genees, gehelp, vertroos, maar die rug is op Hom gekeer. Hy het gekom om te verlos, maar die mense wou dit nie sien nie. Sy vriende, die dissipels, het van Hom af weggevlug toe die krisis in Sy lewe aangebreek het. Een het selfs gesê: "Ek ken Hom nie."

Hy het al meer alleen en eensaam te staan gekom teenoor die mense. Ook toe hulle hul keuse moes maak, kies hulle die "terroris" Barabbas en jaag Jesus die eensaamheid van die kruis binne deur te skreeu: "Kruisig Hom, kruisig Hom."

Uiteindelik voel Hy dié grootste eensaamheid: My God, waarom het U My verlaat? So voel jy seker ook baie keer... van God verlate... van vriende en dierbares verlate... eensaam... verstote... uitgewerp.

Weet jy daar is Een wat presies weet wat jy moet deurgaang in hierdie eensaamheid, Een wat weet hoe jou hart breek onder die eensaamheid van die lewe. Ja, jy lewe dalk tussen 'n klomp mense en tog voel jy so alleen. Om jou kom en gaan dit, maar diep in jou knaag die alleenheid.

As jy tog maar besef dat jy in die Groot "Allene" met jou alleenheid tuis sal voel. Jy sal in Hom 'n ware Vriend vind wat begryp, ontferm, jou soek en jou alleenheid ken en verstaan. Jesus het juis gely om ons uit ons alleenheid voor God te verlos.

Ons sonde, ons verkeerde neigings en begeertes veroorsaak dat ons ver van God in ons alleenheid te staan kom. Dan voel ons in onself verwerp. Jesus het in ons plek van verworpenheid kom staan, sodat ek en jy nie verwerp hoef te word nie. Hy het in ons plek die alleenheid gedra.

Jy besef dat by Hom jy nie meer alleen met jou alleenheid hoef te wees nie!

A.L.C.

Die lewe is die moeite werd as...

Daar is maar min mense wat werklik gelukkig is. Daar is maar min dinge wat die lewe die moeite werd maak. 'n Mens swoeg en sweet maar deur die ure van elke dag en worstel maar gedurig om 'n bepaalde probleem te probeer oorkom.

Vir jou is dit miskien siekte of armoede, vir iemand anders is dit huweliksongeluk, vir ander is dit dwelmmiddels of drank. Elke mens staan maar op 'n bepaalde stadium eensaam in die reën en worstel met probleme. Dan is dit verskriklik as mens niemand het wat jou kan help nie. Dan verdonker die wêreld rondom 'n mens.

Die wêreld lyk vyandig teenoor jou en jy wonder of dit die moeite werd is om so swaar te kry. Jy begin dink die lewe is wreed en onbillik teenoor jou, want daar is niemand wat sy hand na jou toe uitsteek nie, maar het jy nie nog altyd jou eie probleme opgelos nie? Het jy dan nie daarop geroem dat jy niemand nodig het nie?

Was jy nie nog altyd sterk genoeg om self die mas op te kom nie? Dit is waarom die vraag vir jou te swaar word. Jy moet nog leer om jou in die hande van Een wat sterker as jy is, te plaas. Jy moet nog eers arm van gees word. Jy moet nog eers begryp dat jy nie meer krag oor het om uit jouself jou probleme te oorwin nie.

Jy moet eers oorgee. Jy sal tevergeefs probeer om jouself te red. Jy sal tevergeefs probeer om op te klim hemel toe, want God het neergedaal aarde toe in sy Seun Jesus Christus. Vir die wêreld waarin ons lewe het Hy kom offer, sodat ons lewe weer die moeite werd word.

Ja, die lewe is die moeite werd... as jy Christus en die kruis ken. Jy staan nie eensaam in die reën as jy Jesus Christus ken nie. Jesus Christus het jou eensaamheid gedra... hy was van God en mens verlate. Hy het jou gebrokenheid gedra... daarvoor is Hy gebreek aan die kruis. Jou armoede het Jesus Christus in rykdom verander... deur self arm te word vir jou. Jou ellende het Jesus Christus weggeneem... deur vir jou sondes ten volle te betaal.

Gee jouself in die hande van Jesus Christus, die gekruisigde en jy sal verstaan dat die lewe met al sy probleme sin maak. Jesus Christus het die sinloosheid van ons bestaan opgehef.

Daarom:

Dit is goed vir jou dat jy arm is...

Dit is goed vir jou om by tye siek te wees...

Dit is goed vir jou om soms ongelukkig te wees of eensaam, want dit hou jou afhanklik van Jesus Christus wat alles deurly en aan jou bestaan sin gegee het. Sit jou in die hande van Jesus Christus... en jy sal ervaar dat die lewe tog die moeite werd is... as jy Hom ken.

"Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." (Rom. 8:38-39).

Kotie de Jager.

Dooiepunte in u lewe

'n Dooiepunt lyk so finaal. U behoort nie meer aan die kerk nie — dit is 'n dooiepunt. U laat u nie deur die kerk se mense aanspreek nie, want hulle moet u uitlos — dit is ook 'n dooiepunt.

As u voor God staan, voel u dit dalk ook aan as 'n dooiepunt. U kan nie meer tot God bid soos u gedoen het nie. U het nie meer behoefte om uit die Bybel te lees soos u altyd gedoen het nie. Dit lyk ook soos dooiepunte. Dit blyk doodloopstrate te wees en u weet nie altyd hoe om dit te hanteer nie. Telkens loop u u maar vas teen die finaliteit van die verlede wat in u die wanhoop wil laat opvlam. Hoe gaan ek dit oplos?

Ignoreer dit

U het tot sover in u lewe dalk dié weg gevolg om maar rustig saam met die dooiepunte in u lewe te leef. Dit lyk mos maar die maklikste om die weg van die minste weerstand te volg: ignoreer dit asof dit u nie hinder nie.

So kan 'n mens maklik met jou medemens doen. As iemand u seergemaak of benadeel het, dan ignoreer u hom of haar net. U maak maar of u die persoon net nie raaksien nie. U stel nie belang om die verhouding te herstel nie. Die beste van alles is dat dit heeltemal goed slaag. Dit lyk asof ignoreer werk. U ignoreer ook die kerk. U maak asof die kerk nie bestaan nie. Dit lyk asof dit u nie hinder dat u die kerk so kan ignoreer nie.

Kan u God ignoreer? Is dit 'n oplossing om die dooiepunt voor God te aanvaar, dit verder te ignoreer en rustig voor te lewe asof niks verkeerd is nie? U voel dalk aan dat dieselfde optrede wat u teenoor u medemens geslaagd kan deurvoer, nie met God sal werk nie.

God kan nie geïgnoreer word nie. Vir God bestaan daar nie so iets soos 'n dooiepunt nie. Daarom kan u ook nie in u verhouding met God met u afsydige optrede voortgaan nie. God laat Hom ook nie ignoreer nie. Hy maak 'n appèl op u lewe, want Hy ken u op die naam en Hy roep u.

Lewenspunt

In sy groot genade het God besluit om die dooiepunte in u lewe te omskep in lewenspunte. Dit is die Paasevangelie — dat Jesus Christus vir ons sondes op Goeie Vrydag gesterf het en dat Hy op Paassondag die dood oorwin het deur uit die graf op te staan.

Jesus Christus het dus die dooiepunt van die graf binnegegaan. So het dit inderdaad ook vir sy dissipels gelyk. Ook hulle was verbyster en verslae deur die skynbare finaliteit van so 'n dooiepunt. As Christus uit die dood opstaan, oorwin Hy die dooiepunt en verseker Hy die lewenspunte vir elkeen wat hierin glo.

God staan langs u

Hierdie goeie boodskap van lewe deur Jesus Christus se werk, word voor u oë gestel. Dit is 'n boodskap wat geen dooiepunt vir die mens ken wat hom voor God oor sy sondes skaam, diep daaroor berou het en glo dat Christus vir hom die lewe verseker nie.

Dit is ook 'n boodskap dat daar vir die mens wat maar die dooiepunte wil ignoreer, die groot dooiepunt van die hel wag. U mag nie maar net aanhou met ignoreer nie.

God staan dus langs u deur Jesus Christus se werk. In sy groot liefde wys Hy aan u die pad van die lewe. Sy uitnodiging tot u is om steeds nader na Hom te beweeg en so die dooiepunte in u lewe te omskep in lewenspunte — wat geen dooiepunte ken as oomblikke van oorwinning nie.

A. G. S. Venter.

DIE KLEREKASVERTONING

Daar is baie mense met 'n "geskiedenis". Miskien is u ook een van hulle... net soos ek. Trouens, wie is daar wat nie 'n "geskiedenis" het nie? Hierin verskil ons dus nie. Waarin die verskil wel lê, is die manier waarop ons met ons "verlede" te werk gaan.

Soos ek hier sit en skryf, dink ek aan die Engelse verwysing: "The skeleton in the cupboard". Baie mense lewer 'n lagwekkende vertoning voor die klerekas van hulle "verlede" wanneer hulle probeer om die klerekas se deur op alle denkbare maniere toe te hou.

Ja, "niemand mag daarvan weet nie," sê hulle vir hulself. Daar begin die vertoning. Die beste voet word voorgesit en die persoon maak asof daar geen probleme is of was nie. Nou word die vertoning spannend. Die persoon is in voortdurende spanning, omdat hy weet dat daar wel so 'n geskiedenis van geraamtes is.

Hy lei 'n dubbele lewe. Bedags beweeg hy heen en weer voor die klerekas se deur om die opsigtelikheid van sy "groot val" of dwaling te probeer verberg. Vannag as almal slaap, maak hy die deur oop en beskou die bewerige gedoente goed om seker te maak dat daar wel so iets is as waarvoor hy vrees. Hy moet sy vrees in die nag bevestig om dit in die dag te kan onthou!

As ons lag vir kinders wat probeer om vir hulle eie skaduwee weg te hardloop, kan ons gerus net so vir onself begin lag, want ons doen dieselfde. My vraag is: soek God **beter** kinders of **beter kinders**?

As Hy **beter** kinders soek, is ons vertoning voor die klerekas geregverdig en ons kompensering vir ons armsalige geskiedenis noodsaaklik. Dan moraliseer ons maar voort en krap met die vinger in ons sedelike naeltjie soos ape doen. Dan probeer ons maar gerus om onself te regverdig.

As God **beter kinders** soek, dan raak dit ons verhouding tot Hom, want 'n kind is iemand wat versorg word, vir wie voorsien word en God voorsien graag Sy eniggebore Seun as losprys vir die "geraamte". Christus se dood vernietig die "geraamte" en Sy opstanding open die deure, sodat die vars lug van 'n nuwe vreugde deur jou lewensklerekas waai.

Jy is vergewe, sê God. Ek het vir jou "geskiedenis" betaal met my kosbare bloed. Nee nog meer, ek het vir jou betaal en somer vir jou "verlede" ook voorsiening gemaak. Jy kan maar ophou om jou lagwekkende, besorgde, kwellingsvolle, spanningsgelaaiete vertoning te lewer.

Die konsert is uit! Jou rol is verby. Jy hoef niks te vertoon of te verberg nie. Jy kan maar net lewe — eenvoudig, positief, hoopvol lewe! Dit is om tot 'n nuwe besef te kom — die besef dat ek is wat ek is deur die genade van God.

God verlos nie half nie. Hy red jou nie halfpad uit die put van jou ellende om jou daarna te laat terugsak nie. Hy was jou ook nog, gee jou nuwe klere en trek nuwe skoene aan jou voete. Jy kry nog 'n ring aan jou vinger ook. Die Vader sê: "Laat ons vrolik wees. Dis nou fees!"

Nie die klerekasvertoning bring 'n feesstemming nie. Dit bring angs. Die vergewing deur God en jou ervaring van Sy liefde — dit is fees.

P. C. Snyman

O God, so met my lot begaan

Ps. 63 : 3 en 4 (berymd)

*Ek wil U prys my lewe lank,
my hande ophef en U dank.
Want, soos met vettigheid, sal weer
my siel versadig word, o Heer!
My mond sal jubelend U noem,
my lippe hoog u weldaad roem
wanneer die aarde in nag versink —
dan sal ek peinsend aan U dink.*

*U was, o God, 'n hulp vir my.
U het u vleuels uitgesprei
om met beskerming my te dek
en jubels in my hart te wek.
O God, só met my lot begaan,
hoe kleef my siel U agteraan!
Vertrouensvol op U geleun,
voel'k hoe u hand my ondersteun.*

Voel u ver van God verwyder?

Maar ek is altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem. Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie.

Al beswyk my vlees en my hart — God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.

— Psalm 73: 23-26.

Hemelvaart - Die Brug

Die hemelvaart van Jesus beteken dat 'n brug gebou word... van die aarde na die hemel... uit die skaduwee na die lig... uit die tydelike na die ewige.

Jy word uitgenooi om op daardie brug te loop... om oor te stap na 'n nuwe toekoms... om die verlede te begrawe... en te kyk na die nuwe toekoms.

Die Kloof

Daar in die Paradys is 'n kloof geslaan tussen hemel en aarde. Adam, jy en ek verkies die aarde en verwerp die hemel.

In hoogmoed het ons God se gawe weggewerp...

die lewe,
die vrede,
die vreugde,
die hemel.

Toe het die kloof al groter begin gaap. Groot woorde skilder die oorsaak van daardie kloof. Ons moedswillige ongehoorsaamheid. Uit onself kan ons die kloof nie oorbrug nie. Hemel en aarde skuif al verder uitmekaar. Toe het dit gebeur... die hemelvaart van Christus.

Met sy geboorte kom Hy van die hemel na die aarde. Met sy hemelvaart gaan Hy van die aarde na die hemel. Die kringloop word voltooi. Sy werk is volbring. Die brug is gebou. Aarde en hemel is weer verbind deur Sy bereidwillige gehoorsaamheid. Dit is die taal wat die hemelvaart van Jesus met jou praat: die weg na Bo is oop... die weg na

vrede,
vreugde,
versoening.

Die weg na die Vaderhart... nou dreig Hy nie. Hy nooi jou om oor die brug te stap... om te deel in die ryke vreugde van hulle wat Hom ken... om jou te voeg by die leër van Hom wat opgevaar het.

Hoor jy?

Die uitnodiging: kom na My toe.

Besef jy?

Dit is nou of nooit. Die brug staan oop sedert Christus se hemelvaart.

Sien jy?

Die brug na bo. Wandel daarop!

C. J. H. Venter.

OUERS EN KINDERS

Wat sê God se Woord?

Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik: Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie — (Kolossense 3 : 20, 21).

Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God — (Markus 10:14).

Maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see. — (Matteüs 18:6).

Verbly jou, o jongeling in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid . . . maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring. — (Prediker 11:9).

"My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!" — (II Samuel 18:33).

U het, o Heer, wat troon oor alle dinge,

uit kindertaal en stem van suigeling

u mag gegrond, sodat die mens moet swyg

wat, hoog van hart, uit wraakbegeerte dreig (Psalm 8:2).

. . . sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis . . . Welgeluksalig is die volk met wie dit so gaan; welgeluksalig is die volk wie se God die Here is. — (Psalm 144:12, 15).

Laat u werk vir u knegte sigbaar word en u heerlijkheid oor hulle kinders. En laat die lieflikheid van die HERE onse God oor ons wees. — (Psalm 90:16, 17).

My seun, luister na die tug van jou vader, en verwerp die onderwysing van jou moeder nie; want dit is 'n lieflike krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals. — (Spreuke 1:8, 9).